

VAK EN GRAAD	Rekenaartoepassingstegnologie Graad 12	
KWARTAAL EN WEEK	Kwartaal 1 Week 1	
ONDERWERP	Stelseltegnologieë: Algemene Konsepte	
DOEL VAN DIE LES	Inleiding tot algemene konsepte van Stelseltegnologieë	
BRONNE	Papier gebaseerde bronne	Digitale bronne
	Gr 12 DBE Teorie handboek (p 1 – 11) Enige geskikte handboek of aantekeninge wat in jou skool vir RTT gebruik word. Vorige NSS vraestelle en memoranda.	Tipes rekenaars: https://www.youtube.com/watch?v=7qOF5ffTDI8
INLEIDING	'n Rekenaar is 'n elektroniese toestel wat beheer word deur instruksies wat in sy eie geheue gestoor word, wat data kan toevoer, die data verwerk volgens gespesifiseerde reëls, inligting (afvoer) kan lewer en dit kan stoor vir toekomstige gebruik. Enige soort rekenaar bestaan uit hardeware en sagteware. https://www.just.edu.jo/~mqais/CIS99/PDF/Ch.01_Introduction_%20to_computers.pdf	
KONSEPTE EN VAARDIGHEDE	<p>Kennis van die volgende konsepte is nodig om die aktiwiteite wat volg, te doen:</p> <p>Verskillende tipes rekenaars en gebruikers:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Persoonlike Rekenaar (PR) • SOHO (Small Office Home Office) • Mobiele gebruikers • Krag gebruikers • Data vs Inligting vs Kennis • Gevolgtrekking/ besluitneming in Inligtingsbestuur • Konvergensie 	<p>In voorbereiding op die aktiwiteite doen die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bestudeer die hoofstukke/ bladsye oor hierdie konsepte in jou handboek/ notas. • Skryf 'n kort definisie van die konsepte in die lys aan die linkerkant.
AKTIWITEITE/ ASSESSERING	<p>Beantwoord die volgende vrae nadat jy die definisies van die konsepte hierbo voltooi het:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Wat is die verskil tussen 'n persoonlike rekenaar en 'n werkstasie? 2.1 Skryf ten minste nog twee soorte rekenaars neer behalwe die bogenoemde. 2.2 Na watter faktore moet 'n mens kyk as jy rekenaars vergelyk? Skryf ten minste 3 neer. 3.1 Watter toerusting is nodig om 'n klein kantoor / tuiskantoor (SOHO) in te rig? 3.2 Skryf voorbeelde neer van werk wat 'n SOHO sou gebruik. 3.3 Wat is die moontlike voordele om vanaf 'n SOHO te werk? 	



- 3.4 Wat is moontlike nadele om van 'n SOHO te werk?
- 4.1 Wat is tans die gewildste vorm van mobiele rekenaars?
- 4.2 Skryf ten minste drie take neer wat 'n mobiele rekenaar kan uitvoer.
- 5. Beskryf die situasie waarin 'n gebruiker wat 'n rekenaar gebruik, 'n kraggebruiker genoem sal word?
- 6. Bestudeer die volgende scenario's:
 - 'n Lys met name, vanne, geboortedatums en selfoonnommers word aan jou oorhandig.
 - Dieselfde lys word aan jou gegee, chronologies volgens verjaardae gesorteer.
 - Uit die lys kan 'n gevolgtrekking gemaak word oor die tyd van die jaar waarin die meeste geboortes plaasgevind het.
 Dui langs elke kolpunt hierbo aan of die stelling verwys na inligting, data of kennis.
- 7.1 Hoe hou inligtingsbestuur verband met die praktiese assesseringstaak wat in graad 10 tot 12 gedoen is?
- 7.2 Wat is die nut daarvan om 'n gevolgtrekking aan die einde van 'n verslag te maak?
- 8. Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae langsaan:



- 8.1 Na watter konsep verwys hierdie prent?
- 8.2 Kies vier van die foto's rondom die slimfoon en verduidelik die teenwoordigheid daarvan (waarom, wat, hoe?)
- 8.3 Is daar enige betekenis in die dubbelkop-pyle op die foto? Verduidelik jou antwoord.

VASLEGGING

Kyk na die volgende video: https://www.youtube.com/watch?v=-oLt4whDbg&feature=emb_logo

Hoe het die rekenaar ons lewens verander volgens die video?

Voeg 'n paar voordele by wat jy persoonlik ervaar wanneer jy 'n rekenaar gebruik.

Dink jy daar is nadele verbonde aan die integrasie van die rekenaar in ons lewens? Verduidelik.

WAARDES

Die besef van die waarde van rekenaars in ons daaglikse lewe, maar ook om te erken dat daar ook nadele is.